

Maandag 24 Julie

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-25

Fokusgedeelte: Hebreërs 10:23; HK Sondag 26, Antwoord 69

Die doop as pleitgrond en troos

Die trou of getrouheid van God teenoor sy volk en sy kinders is 'n deug (eienskap) van God wat dwarsdeur die Bybel sterk beklemtoon word. Van Hom word gesê: “Hy is die getroue God sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar” (Deut. 32:4). “Wat Hy beloof het, sal Hy ook doen, want Hy is getrou” (Heb. 10:23; 1 Tess. 5:24). “Al is ons soms ontrou, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie” (2 Tim. 2:13). Daaruit vloei ook voort dat Hy 'n God van waarheid is (Joh. 1:14; 14:6) wat nie kan lieg nie (1 Sam. 15:29; Tit. 1:2). In Christus het Hy sy trou en waarheid duidelik geopenbaar (Joh. 1:17).

Hierdie sake is vir ons van besondere belang by ons besinning oor die doop. Deur die doop het Christus in sy trou aan ons beloof dat ons net so seker met sy bloed en Gees gewas is van al ons sondes as wat ons met water gewas is. Daarom sal ons die ewige saligheid beërf. Aan hierdie saak sal in die volgende dagstukkies ook aandag gegee word. Hier word, in die lig van God se trou, die aandag op twee sake gevestig, naamlik dat die doop 'n *pleitgrond* is vir ons gebede vir gedooptes wat van God weggedwaal het, en 'n *troos* is vir gelowiges wat in sonde geval het. Omdat God getrou is en Hom aan sy beloftes hou, kan sy beloftes by 'n persoon se doop dien as kragtige *pleitgrond* in die gebed as so 'n gedoopte geestelik verdwaal. Dan kan die geliefdes van so 'n persoon by die Here pleit dat Hy op grond van sy beloftes aan die persoon by sy/haar doop hom/haar tot besinning en bekering moet bring om soos die verlore seun na sy/haar Vader terug te keer (Luk. 15). So 'n gebed wat aan God se eie beloftes vasgryp, sal Hy beslis nie as minderwaardig en onvanpas beskou nie. Trouens, die Skrif leer ons duidelik: “Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking” (Jak. 5:16). Die vraag is egter of ons nie te gou ophou om biddend te pleit vir so 'n gedoopte wat afgedwaal het nie (Luk. 18:1-8). Die troue God se beloftes bied egter ook aan ons 'n heerlike *troos* as ons self soos Dawid of Petrus in sonde val. Hierdie troos word op aangrypende wyse soos volg in die doopformulier aan ons voorgehou: “En as ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sondes bly lê nie: die doop is immers 'n seël en ontwyfelbare getuigenis dat ons 'n ewige verbond met God het.”